STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

# NOTULE

## BLUE RIDGE HEV (101)

## NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 1 SEPTEMBER 2021 OM 09H00 PER ZOOM

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Konstituering** | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| 2 | **Opening** | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | GG |
| 3 | **Verwelkoming** | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | GG |
| 4 | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | <u>Teenwoordig:</u><br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev T Brown (Status Mark)<br>Mev L Uys (Status Mark)<br><br>**<u>Verskoning:</u>**<br>Me A Kruger<br>Mnr P Myburgh<br>Mev R Moore | <br>GG<br>LN<br>LS<br>RvH<br><br>SM<br>SM<br><br><br>AK<br>PM<br>SM |
| 5 | **Mnr Huig Wijtman (Danabaai bewarea) – beskerming van wild & natuur** | |
| | Die Voorsitter sal Mnr Wijtman uitnooi om die Komitee toe te spreek sodra die grendeltydperk verstreke is en die vergadering fisies bygewoon kan word. | STAAN OOR |
| 6 | **Mosies van lief en leed** | |
| | Geen items nie. | |
| 7 | **Goedkeuring van vorige notule: 4 Augustus 2021** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. Geen notules mag aan eienaars gesirkuleer word alvorens dit nie onderteken is deur die Komitee nie. | | **KOMITEE**<br>**SM** |
| **8** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| **8.1** | **Brandtoerusting** | | |
| | | R van Huyssteen meld dat Speedies uitgekom het om na die toestand van die toerusting te kyk waarop hul sal probeer kyk of hul behulpsaam kan wees om dit verkoop te kry.<br>**Besluit:**<br>1. R van Huyssteen sal Moquini HEV kontak om uit te vind of hul nog belangstel om van die toerusting aan te koop.<br>2. R van Huyssteen sal 'n lys saamstel van die toerusting wat te koop is en dit aan Status Mark stuur om onder die ander portefeuljes te bemark en sodoende advertensie kostes te spaar. | **RvH**<br><br>**RvH/SM** |
| **8.2** | **Planne vir kantoorgebou** | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| **8.3** | **Kantoorgebou - teëls wat oplig – alternatiewe opsies** | | |
| | | Die aangeleentheid is nie nou 'n dringende prioriteit nie. Die item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| **8.4** | **Hersien van Grondwet – terugvoering van eienaars** | | |
| | | Daar is baie positiewe terugvoering van die eienaars ontvang. Daar is twee kwotasies ingewin vir die nasien van die Grondwet deur 'n regskundige as volg:<br>• Raubenheimer prokureur – R1437.50 per uur<br>• Nikki Malan – R1725.00 per uur<br>**Besluit:**<br>1. Die kwotasie van Raubenheimer Prokureurs word deur die Komitee goedgekeur.<br>2. R van Huyssteen sal die Grondwet aan Raubenheimer Prokureurs stuur asook 'n skrywe aan Nikki Malan rig om haar dienooreenkomstig in kennis te stel van die Komitee se besluit. | **RvH**<br><br>**RvH** |
| **8.5** | **Werfhekke – herwinbare plastiek** | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| **8.6** | **Omgewingsbestuursplan** | | |
| | | Die Omgewingsbestuursplan is reeds saamgestel en gesirkuleer. Sodra die Grondwet van Raubenheimer prokureurs terug ontvang is kan die omgewingsbestuursplan gefinaliseer word. Sodra alle dokumente goedgekeur is sal dit in beide Afrikaans en Engels vertaal word. | **RvH** |
| **8.7** | **Bouregulasies wysigings** | | |
| | | Die komiteelede gaan die bou regulasies moet nagaan en | **LN** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | voorstelle vir verandering op die volgende vergadering bespreek waarna A van Huyssteen die dokument sal finaliseer en dit aan die Komitee sirkuleer. Punt 11.1 van die notule sluit hierby aan. | **AvH** |
| | | | |
| | **8.8** | **Webtuiste** | |
| | | | |
| | | Daar is besluit om voort te gaan met die bestaande diensverskaffer, Wanzenburg van Wyk, weens die feit dat dit sy spesialiteit is. Daar is reeds 'n kwotasie van Wanzenburg ontvang. Wanzenburg gaan ook 'n hommeltuig (drone) gebruik om fotos van Blue Ridge te neem. R van Huyssteen en L Stevens gee aandag hieraan. Finale voorlegging sal by die volgende vergadering gedoen word. | **RvH/LS** |
| | | | |
| | **8.9** | **Finansiële beleidsdokument** | |
| | | | |
| | | Die dokument is reeds saamgestel en gesirkuleer. Sodra die Grondwet gefinaliseer is kan die finansiële beleidsdokument ook gefinaliseer word. R van Huyssteen sal die dokument aan Status Mark ook stuur. | **RvH** |
| | | | |
| | **8.10** | **CCTV Kameras** | |
| | | | |
| | | Die projek is in proses en die kameras behoort teen middel September geïnstalleer te word. Alle elektriese werk is gedoen. Die elektrisiën, Mnr van Greunen sal namens Blue Ridge aansoek doen vir 'n koopkrag meter by die munisipaliteit asook toesien dat die meter reg geïnstalleer word. Mnr van Greunen sal die meter betaal en 'n faktuur aan Blue Ridge verskaf om te koste te verhaal. | **RvH** |
| | | | |
| | **8.11** | **Internet fasiliteite – vordering terugvoering** | |
| | | | |
| | | Die internet fasiliteite werk baie goed. Die item word as afgehandel beskou. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| **9** | **Versekering** | | |
| | | | |
| | **9.1** | **Versekeringsdekking** | |
| | | | |
| | | **<u>Gemeenskaplike eiendom</u>**<br>Onderskrywer – Hollard<br>Makelaar – Insure<br>Versekerede bedrag – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid – R1 000 000<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000<br>Maandelikse premie – R793.82<br><br>Die versekering soos voorgehou word aanvaar.<br><br>**<u>Getrouheidsdekking</u>**<br>Onderskrywer – CIA<br>Makelaar – Insure<br>Versekerde bedrag – R1 153 000<br>Maandelikse premie – R480.81<br><br>Die versekering soos voorgehou word aanvaar. | |
| | | | |
| | **9.2** | **Beskadiging van hek deur 3de party** | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | 'n Bouer met sy bakkie het in die hek vasgery. Status Mark bevestig dat 'n saak by die polisie aangemeld moet word om 'n saaknommer te kry en 'n kwotasie vir herstelwerk saam met die eisvorm moet ingedien word. Weens die feit dat dit 'n 3de party eis is sal die 2 versekeringsmaatskappye met mekaar in verbinding tree om die eis te hanteer.<br>**Besluit:**<br>1. L Neveling sal die bouer se kontakbesonderhede aan Status Mark voorsien.<br>2. Status Mark sal die betrokke bouer kontak en versoek dat 'n saaknommer voorsien word.<br>3. L Neveling sal 'n kwotasie vir herstelwerk kry en dit aan Status Mark stuur.<br>4. Status Mark sal alle dokumente wat vereis word aan die makelaar stuur om die eis te registreer. | <br><br><br><br><br><br><br>**LN**<br><br>**SM**<br><br>**LN**<br><br>**SM** |
| | | | |
| **10** | **Finansies** | | |
| | | | |
| | **10.1** | **Bestuurstate – Aug 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | **10.2** | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 25 Augustus 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R58 532.76<br>Reserwe fonds – R797 039.88<br>Kleinkas – R1737.35<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R72 192.97<br>Bou deposito – R100 000.00<br>TOTAAL = R785 117.02 | |
| | | | |
| | **10.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R10 076.19 Daar is 9 eienaars tans uitstaande waarvan 1 eienaar aan Herbie Oosthuizen prokureur oorhandig is vir invordering. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. | **SM** |
| | | | |
| **11** | **Argitektonies** | | |
| | | | |
| | **11.1** | **"Polycrete" handrelings** | |
| | | | |
| | | "Polycrete" handrelings word nie meer deur die munisipaliteit goedgekeur nie. In terme van die bouregulasies word vlekvrye staal en "polycrete" handrelings toegelaat. Daar is voorgestel dat gegalvaniseerde yster pype wat "ge-powdercoat" is ook gebruik kan word en die kleur moet dieselfde kleur wees as die band van die huis. L Neveling sal die toelaatbare handrelings met die bou inspekteur ook opneem.Die alternatiewe opsies sal in die bouregulasies bygebring word tesame met die ander wysigings wat aangebring moet word. | **LN** |
| | | | |
| | **11.2** | **Watermeters** | |
| | | | |
| | | Status Mark sal die kontakbesonderhede van Plumbrite en Parsons Plumbing aan L Neveling aanstuur. Die HEV is nie verantwoordelik | **SM** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | vir die verkryging van 'n watermeter nie maar die bouer is. Die aangeleentheid sal ook met die bou inspekteur opgeneem word. | LN |
| | | | |
| **12** | **Sekuriteit** | | |
| | | | |
| | **12.1** | **Toegangsbeheer** | |
| | | | |
| | | L Neveling meld dat daar 'n smous toegang verkry tot Blue Ridge om grond te smous. Dit het op 'n Sondag geskied. Daar is 'n probleem met persone wat toegang tot die perseel kry. Bouers wag ook nie by die hek totdat die hek toegemaak het nie.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat L Neveling ondersoek doen en moontlike opsies voorlê by die volgende vergadering. | LN |
| | | | |
| **13** | **Infrastruktuur** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **14** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | | | |
| | **14.1** | **Brandstrook** | |
| | | | |
| | | Die bosse aan die Oostelike grens groei naby aan die heining van Blue Ridge. Status Mark word versoek om die aangeleentheid met die munisipaliteit op te neem om toe te sien dat die brandstrook skoongemaak word. | SM |
| | | | |
| **15** | **Personeel** | | |
| | | | |
| | Geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **16** | **Algemeen** | | |
| | | | |
| | **16.1** | **Aankoop van toerusting – Mnr W Kasch** | |
| | | | |
| | | Die aankoop van toerusting vanaf Mrn W Kasch teen 'n koste van R3000 word bekragtig<br>• Kettingsaag<br>• Heiningsaag<br>• Lang leer | KOMITEE |
| | | | |
| | **16.2** | **Huishoudelike toerusting vir kantoorgebou – Mnr W Kasch** | |
| | | | |
| | | Mnr Kasch het moontlik 'n mikrogolf, yskas en ketel beskikbaar wat handig in die kantoorgebou benut kan word.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Die Komitee gee goedkeuring dat daar voort gegaan kan word met die transaksie. | KOMITEE |
| | | | |
| | **16.3** | **Nuusbrief** | |
| | | | |
| | | Die volgende nuusbrief sal middel September 2021 uitgestuur word. | LS/LG |
| | | | |
| **17** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Woensdag 6 Oktober 2021 om 9h00 | | |
| | | | |

| 18 | Afsluiting | |
|---|---|---|
| | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h25 af.<br><br>......................................... ......................13/10/21<br>Goedgekeur Datum | |


Trustees (7):

| | | |
|---|---|---|
| Amanda Kruger | 076 143 7564 | amandagroenpunt@gmail.com |
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Neveling | 072 636 8222 | leonneveling3@gmail.com |
| Pieter Myburgh | 073 195 2521 | pwmyburgh@gmail.com |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 9/9/2021